

WEEK 2

Waarom bid en wat is gebed?

Waarom bid?

Hoeveel keer het jy al vir iemand, dalk jou ouers, dalk jou onderwyser, gevra waarom jy iets moet doen en dan sê hulle, “omdat ek so sê.” Dit kan nogal uiters frustrerend wees. As ons vir God vra: “waarom moet ons bid?” sal Sy antwoord gelukkig nie wees: “omdat Ek so sê,” nie.

Mense sê dit is nie nodig om te bid nie: *“Want God weet mos wat ek nodig het, Hy is mos almagtig en weet daarom presies wat ek wil sê, God maak in elk geval net soos Hy wil, my gebed sal nie God se planne kan verander nie?”*

God se plan

God wil hê dat ons moet bid. Deur gebed word mense gered, deur gebed word mense gesond, deur gebed kom daar herlewing. Hoekom? Omdat God kies om Sy werk deur mense te doen. Daarom moet ons eers verstaan wat God se plan vir die wêreld is, voordat ons gebed sal verstaan

Genesis 1:26-28

Toe het God gesê: “Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip.” God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: “Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip.”

God maak die mens as Sy verteenwoordiger hier op die aarde “om te heers” staan in vers 26 en 28. God is die Skepper, die Eienaar van die wêreld en Hy kies om mense aan te stel om oor Sy skepping te heers. Hy dra alle mag aan hulle oor.

Hebreërs 2:5-8

Dit is nie aan engele dat Hy die toekomstige wêreld, waarvan ons praat, onderwerp het nie. 6 Inteendeel, iemand het êrens getuig en gesê: “Wat is ’n mens dat U aan hom dink, ’n mensekind dat U na hom omsien? 7 U het hom ’n kort tydjie minder as die engele gemaak; U het hom met heerlikheid en eer gekroon; 8 U het alles aan hom onderwerp.” By die onderwerping van alle dinge aan die mens is niks uitgesluit nie. Alles is aan hom onderwerp. Nou sien ons nog nie dat alle dinge reeds aan die mens onderwerp is nie.

1 Korintiërs 4:1

So moet julle ons dan sien: ons is dienaars van Christus en bestuurders aan wie die geheimenisse van God toevertrou is.

Psalm 8:4-7

As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre waaraan U ’n plek gegee het, 5 wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien? 6 U het hom net ’n bietjie minder as ’n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon, 7 U laat hom heers oor die werk van u hande, U het alles aan hom onderwerp:

In Genesis 1:26 is daar drie woorde wat ons goed moet verstaan.

- *tselem* – beteken “skaduwee of illusie.”
- *demuwth* – beteken “soos, om te vergelyk.”
- *radah* – beteken “om te heers.”

In Psalm 8:7 staan daar dat God die mens oor Sy skepping laat heers. Hier word die Hebreeuse woord, *mashal* gebruik en dit beteken onder andere om op te tree as God se bestuurder of verteenwoordiger.

God het die mens gemaak, omdat Hy iemand soek wat die aarde namens Hom kan bestuur, Hy weet die mens moet soos Hy kan dink, daarom plaas Hy in mense Sy BEELD. Hy plaas binne in die mens liefde, deernis, genade, hartseer, ensovoorts. Dit is alles Goddelike eienskappe, Hy bekleed die mens met heerlikheid, Hy maak die mens net ’n bietjie minder as ’n engel, om hom/haar in staat te stel om oor die aarde te heers. God het nie die eienaarskap weggegee nie, maar Hy het wel die verantwoordelikheid om te heers aan die mens oorgedra.

Rebellie

- **Waarom het God die mens die keuse gegee om te sondig?**

'n Mens wonder waarom het God so 'n risiko geloop, as die moontlikheid, dat die mens die mag aan die duiwel kon oorhandig, bestaan het. Weet jy, God wou 'n familie gehad het, seuns en dogters wat met Hom 'n verhouding het, nie mense wat Hom gedwonge volg nie.

Genesis 3:1-6

Die slang was listiger as al die wilde diere wat deur die Here God gemaak is en het vir die vrou gevra: "Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?" 2 Die vrou het die slang geantwoord: "Ons mag eet van die vrugte van die bome in die tuin. 3 God het net gesê ons mag nie eet van die vrugte van die boom in die middel van die tuin nie en ons mag dit nie aanraak nie, want dan sterf ons." 4 Toe sê die slang vir die vrou: "Julle sal beslis nie sterf nie, 5 maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken." 6 Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee. En sy het van sy vrugte gepluk en geëet. Sy het ook vir haar man by haar gegee, en hy het geëet.

Satan, wat een van die belangrikste engele in die hemel was, besluit om te rebelleer teen God. Dit lei daartoe dat hy die mag wat hy gehad het, verloor. Vir Satan was dit uiters noodsaaklik om beheer oor die aarde te kon verkry. Hy kom op 'n slinkse manier en verlei die kroon van die skepping om op so 'n wyse die mag te verkry. Satan, in plaas van die mens, word nou die regeerder, die heerser van hierdie wêreld. Vir hom was dit 'n manier om God terug te kry, want hy neem die mag uit die hande van God se kosbaarste besitting, die mens. Op daardie manier kon hy vir God seermaak. Sonde gee mag af aan Satan. Later wanneer ons kyk na geestelike oorlogvoering gaan ons weer hierna verwys.

- **Wat is sonde?**

Wat is sonde? Sonde is ongehoorsaamheid aan God. Adam en Eva was ongehoorsaam, hulle het gerebelleer en dit het gemaak dat hulle buite die wil van God beland het.

Jesus word mens

Jesus se koms na die aarde was noodsaaklik. Daardeur het God weer die risiko geloop, die moontlikheid het bestaan dat Jesus kon sondig, en daarvan was Satan wel deeglik bewus. Daarom doen hy alles in sy vermoë om Jesus te verlei, want as Jesus sou sondig, het Hy die Goddelike mag ook aan Satan gegee. Gaan lees gerus daarvoor in Matteus 4:1-11

God se plan was dat deur Jesus, as mens, die mag weer in die hande van mense moes beland. Terloops, die hartseer van sonde is dat Jesus self moes erken dat Satan die heerser van die wêreld geword het.

Johannes 12:31

Nou kom die oordeel oor hierdie wêreld; nou sal die owerste van hierdie wêreld uitgegooi word buitentoe.

Johannes 14:30

Ek sal nie meer lank met julle kan praat nie, want die owerste van die wêreld is aan die kom. Hy het geen mag oor My nie,

Johannes 16:11

11die oordeel het al gekom, want die owerste van hierdie wêreld is klaar veroordeel.

Hy beskryf Satan as die regeerder, die owerste van hierdie wêreld. Vir God was dit daarom noodsaaklik dat die mens die mag moes terug kry en dit doen Hy deur Jesus Christus.

Hebreërs 2:14-18

Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword. Dit het Hy gedoen om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig 15 en om hulle wat uit vrees vir die dood hulle hele lewe lank in slawerny was, te bevry. 16 Dit is duidelik dat dit vir Hom nie om die engele gaan nie, maar om die nageslag van Abraham. 17 Daarom moes Hy in elke opsig aan sy broers gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen. 18 Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word.

Die probleem wat natuurlik hieruit ontstaan is dat Jesus se koms aarde toe het beteken dat Hy Sy hemelse posisie moes verlaat (Filippense 2:5-8). Hy moes terugkeer na hierdie ereposisie en daarom kon Hy nie die mag saam met Hom geneem het nie. Jesus moes dit oorgee aan die mens. Dit is die boodskap dwarsdeur die Bybel, die mens werk saam met God, sodat Sy koninkryk kan kom. Jesus oorhandig dus die mag aan die mens. Die kanaal waardeur Hy verkies dat die mens moet regeer is deur die kerk. Jesus is self die hoof van die kerk (Efesiërs 1:22-23), maar die opdrag van die kerk is om hierdie heerskappy oor te neem.

Matteus 16:18-19

En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. 19 Ek sal aan jou die sleutels van die koninkryk van die hemel gee, en wat jy op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly; en wat jy op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly."

Kerk praat met God

God is die Eienaar en Sy kerk is die bestuurder. Van tyd tot tyd het Sy kerk nodig om by die Eienaar te hoor wat is vir Hom belangrik, dan hou hulle "samesprekings" met Hom. Partykeer is die krag, die geduld, die liefde, die vrede, noem maar op, van die bestuurder te min, dan is dit nodig dat hy/sy die Eienaar moet vra om Syne beskikbaar te stel. Die wonder is natuurlik dat God ook die Vader van die bestuurder is, daarom is die samesprekings nie noodwendig formeel nie, dit vind plaas in gesprekvorm. As die bestuurder (kind) dieselfde belange op sy of haar hart druk as die Eienaar (Vader) dan is dit noodsaaklik dat hy of sy gereeld met die Vader in kontak sal kom. Ons is almal deel van God se groot hemelse familiebesigheid.

Gebed is noodsaaklik, God gee nie as die bestuurder nie vra nie. Hy het gekies om die mag aan die mens te gee en om deur mense te regeer en te werk. As die bestuurder nie met Hom praat oor wat nodig is nie, dan gee Hy nie. Nie omdat hy onmagtig is, of moedswillig is nie, maar omdat Hy so getrou aan Homself is dat Hy die beheer totaal aan Sy bestuurders oorlaat, al is hulle ongehoorsaam.

Matteus 7:7-8

"Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word, 8 want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word."

As jy nie vra nie sal daar nie vir jou gegee word nie. As jy nie bid nie sal jy nie kry nie. Skep in jou geestesoog vir jou 'n beeld van God se hemelse stoorkamer. Dit is baie groot. Daar is rakke en rakke vol genade, krag, liefde, vrede, net waaraan jy kan dink, is daar. Die toegang tot hierdie stoorkamer is G-E-B-E-D.

Wat is die implikasie van Matteus 7:7?

Psalm 50:15

Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jy sal My eer."

Psalm 91:15 (911)

Wanneer hy My aanroep, sal Ek sy gebed verhoor; in sy nood sal Ek by hom wees, Ek sal hom red en hom in sy eer herstel.

- **Wat is die voorwaarde vir God se reaksie?**

Die voorwaarde vir God se reaksie is dat mense Hom moet aanroep. Nie omdat Hy daardeur wil sê dat Hy nie bewus is van die nood nie, maar omdat Hy nie wil inmeng nie. In Matteus 5:3 sê Jesus juis dat mense moet bewus wees van hulle afhanklikheid. As jy nood het, en jy probeer dit self oplos, het jy mos nie vir God nodig nie, dan wag Hy, totdat jy as bestuurder na Hom toe kom as Eienaar en jy vir Hom verduidelik wat die situasie is. Daardeur sê jy maar net: "Here, ek is afhanklik van U." Hierop antwoord Jesus in Matteus 5:3 en sê Hy: "geseënd is jy."

- **Wat is God se grootste hartewens?**

Ons lees in Johannes 3:16 en verder, dat God die wêreld so liefgehad het dat Hy Sy Seun gestuur het om versoening tussen Hom en mense te bewerkstellig. God se grootste wens is dat mense gered moet word, want Hy weet dat mense as gevolg van hulle sonde verlore is.

Matteus 9:37-38

Hy sê toe vir sy dissipels: "Die oes is groot, maar die arbeiders min. 38Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes."

Jesus sê in hierdie gedeelte dat Hy kan sien die oes is groot. Hy sê eintlik dat Hy kan sien baie mense is verlore. Ons weet Hy wil hê mense moet gered word. Nou hoekom red Hy hulle nie, Hy het mense nodig om te getuig, om te gaan wys dat God liefde is. Nou hoekom stuur Hy dan nie mense nie. Wel as Sy bestuurders (kerk/kinders) nie vra nie, dan stuur Hy nie, want dit lyk nie of hulle dink arbeiders is nodig nie, al breek dit Sy hart.

Gebed is vir God belangrik

Openbaring 8:1-5 en 11:15-19

Toe die Lam die sewende seël oopmaak, het daar stilte in die hemel gekom, omtrent 'n halfuur lank. 2 En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en daar is aan hulle sewe trompette gegee. 3 'n Ander engel het toe gekom en by die altaar gaan staan met 'n goue wierookbak. Daar is baie wierook aan hom gegee om dit saam met die gebede van al die gelowiges op die goue altaar voor die troon te offer. 4 Die rook van die wierook wat deur die engel geoffer is, het saam met die gebede van die gelowiges opgestyg voor God. 5 Toe het die engel die wierookbak geneem, dit met die vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde uitgegooi. Daar het donderslae, dreunings, weerligstrale en 'n aardbewing gekom.

Toe het die sewende engel op sy trompet geblaas. Daar was stemme in die hemel wat hard uitgeroep het: "Die koningskap oor die wêreld behoort aan ons Here en sy Gesalfde, en Hy sal as koning heers tot in alle ewigheid." 16 Die vier en twintig ouderlinge wat op hulle trone voor God sit, het toe gekniel met hulle gesigte na die grond toe en het God aanbid 17 en gesê: "Ons dank U, Here God, Almagtige, U wat is en wat was, dat U nou u groot mag gebruik en as koning heers. 18 Die nasies was woedend, maar nou het die tyd vir u oordeel gekom. Die eindtyd het aangebreek: die dooies word geoordeel; aan u dienaars, die profete, en aan die gelowiges, dié wat U vrees, klein en groot, word hulle loon gegee; en dié wat die aarde vernietig, word vernietig." 19 Toe het God se tempel, wat in die hemel is, oopgegaan, en sy verbondsark wat in sy tempel is, het sigbaar geword. Daar het toe weerligstrale, dreunings, donderslae, 'n aardbewing en 'n groot haelstorm gekom.

As jy die kans het om 'n laaste sterfbed-wens te hê, wat sal jy antwoord? Ek dink die meeste mense sal graag nog 'n geleentheid wil hê om die lekkerste ding op aarde te doen, of dalk om met iemand wat baie naby aan jou is te praat. Die prentjie van Openbaring 8 is iets soortgelyks. Dit is die laaste oomblikke voordat die wederkoms van Jesus aanbreek. Ons lees in Openbaring.11 dat as die sewende trompet geblaas het, is dit die einde. God weet dit. maar voordat dit gebeur, sit God op Sy troon en vir 'n laaste oomblik bring Hy Sy kosbaarste goed voor Hom. 'n Bak, vol van die gebede van die gelowiges. Elke gebed van gelowiges word

deur God gebêre. Dit word nie weggegooi of as onbelangrik geag nie. Nou lees ons hier dat God juis in hierdie laaste oomblikke die gebede van Sy kinders voor Hom laat offer.

Die verdere implikasie, van veral vers 5 is, dat wanneer die vuur van God gemeng word met die gebede van gelowiges, gebeur daar iets drasties. Jou gebede gemeng met die vuur en die krag van God, kan geestelike aardbewings veroorsaak. Dit kan die fundamente van die hel skud. Dit kan mense uit die kloue van Satan ruk.

Gebed is 'n opdrag

1 Tessalonisense 5:17

Ek lees 'n grappie van 'n dogtertjie wat stout was. Haar pa het haar ingeroep om met haar te praat. Hy sê toe vir haar sy moet sit, waarop sy antwoord; "ek staan sommer." Nadat haar pa haar verskeie kere gevra het om te sit het hy haar begin dreig met 'n pak slae. Uiteindelik gaan sit sy in gehoorsaamheid, maar sis deur haar tande; "ek sit, maar in my gees staan ek." As God sê bid, hoop ek nie gelowiges doen dit onder so groot protes nie. Hierdie is eintlik 'n wonderlike opdrag. Die God wat die hemel en die aarde gemaak het, vra sy kinders om gereeld met Hom te praat.

Wat is gebed?

Gebed is niks anders as om met God te praat nie. As God in hierdie gedeelte sê dat ons gedurig moet bid, dan wil Hy vir ons sê dat ons oor elke moontlike ding met Hom kan praat, van die kleinste tot die grootste saak. God wil nie hê ons moet eers alles probeer en dan sê ons dikwels, "al wat nou oor bly is om te bid," nie. Jy kan meer doen nadat jy gebid het, maar jy kan nie veel doen voordat jy gebid het nie

- **Gesprek met God**

Gebed is nie iets magies nie, dit is nie iets wat weggesteek word nie, dit is doodeenvoudig gesprek met God, soos mense met mekaar praat. Die hartseer is dat mense so min daarvan maak. Ja, ons sal dikwels in nood met Hom praat, maar God is nie net die Eienaar van die heelal en ons die bestuurders daarvan nie. Daarom is die verhouding wat tussen ons bestaan nie net saaklik nie. Dit is van tyd tot tyd nodig dat ons saaklik met Hom sal wees, maar God

is ook ons Vader, daarom is Sy eerste begeerte dat ons sommer net by Hom sal kuier, daardeur kan Hy ons troos, ons versterk, ons verander en ons moed gee.

Baie mense het al vir my gesê; “ek kan nie hardop bid nie.” Maar hulle het geen probleem om 'n skinderstorie of visvangstorie of rugbystorie of wat ook al se storie met groot opgewondenheid oor te vertel nie. As jy kan praat, kan jy bid.

Jesus leer ons, as ons met God wil praat dan roep ons Hom aan as ons Vader. Hy is my Vader, ek is Sy kind. Tog as ek met God praat, doen ek dit in die hoogste respek, maar ek hoef nie een of ander ritueel of protokol te volg nie. Ek kan met Hom praat net soos ek is, met al my tekortkominge.

- **Gesprek met die lewende God**

God wil in 'n verhouding met jou staan. Die verhouding wat God gekies het wat tussen Hom en Sy kinders moet bestaan is 'n liefdesverhouding. Hy wil nie net met ons 'n saaklike of 'n vriendskapsverhouding hê nie. Hy soek 'n intieme liefdesverhouding tussen Hom en ons, dieselfde liefdesverhouding wat daar bestaan tussen 'n bruid en haar bruidegom.

- **Gebed lei tot intimiteit**

Hoe lyk die verhouding tussen 'n bruid en 'n bruidegom?

Hulle verhouding is baie intiem. Hulle wil mekaar graag beter leer ken, hulle is bereid om mekaar te verdra en te verstaan, hulle gee tyd aan mekaar. Hulle kan nie wag om in mekaar se teenwoordigheid te kom nie. Hulle soek mekaar, hulle smag na mekaar.

Die woord **KEN**, is die Hebreeuse woord **YADA**. Dit is dieselfde woord wat gebruik word vir intieme seksuele verkeer tussen man en vrou. So wil God ons ken, daar waar die fokus net op Hom is, daar waar daar nie plek is vir iemand of iets anders nie. Daar is net een manier hoe ons Hom beter gaan leer ken en dit is as ons gereeld tyd saam met Hom spandeer. Jy kan nie vir God intiem ken as jy nie met Hom verkeer nie en die manier hoe God gekies het dat ons intiem moet Hom met verkeer, is gebed. Ons sal God slegs leer ken as ons met Hom praat en as ons Sy teenwoordigheid soek.

- **Gebed maak God gelukkig**

Spreeke 15:8

The prayer of the upright is His delight.

Die woord “**delight**” is ‘n vertaling van die Hebreeuse woord *rawtson* en dit beteken doodeenvoudig “om iemand plesier te verskaf.” Ons het verlede keer daaroor gepraat.

- **God is betrokke by mense (Numeri 6:24-26)**

Ons het verlede week gehoor dat God betrokke in ons lewens is en dat Hy ons, Sy eie mense wil seën. Daarom soos ons verlede week gesien het, het ons deur gebed vrye toegang tot by hierdie wonderlike grote, heilige God.

- **Gebed is vrye toegang toe by God**

Hebreërs 10:19-20

Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, 20en dit op ‘n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam.

God het deur Jesus, vir ons vrye toegang tot in Sy heiligdom gegee. Voorheen was dit nie moontlik nie. Voorheen het ons weggekruip van God af. Nou kan ons deur gebed as te ware vrylik loop tot by God se troon, daar mag ons met Hom praat, daar is ruimte vir ons, want die pad is oop gemaak.

- **Gebed verheerlik God**

Johannes 14:13

Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word.

Wat is die fokuspunt van jou lewe?

Hierdie is 'n lewensbelangrike vraag. Natuurlik sal gelowiges antwoord, “God,” dit is die mooi vroom ding om te antwoord. Dit is die regte antwoord in die regte geselskap.

Praat jy egter so bietjie met mense dan kom jy agter dat mense nie altyd net op God fokus nie. Die deursnee mens is so bekommerd, bekommerd oor die ekonomie, gesondheid, aftrede,

ensovoorts. Bekommernis draai die fokus totaal en al weg van God af. In Filippense 4:6 leer Paulus dat ons in plaas van om te bekommer met God in gebed moet praat en dan sal God ons vrede gee.

Gebed is om doodeenvoudig te erken dat ek iemand groter as ek nodig het om my in hierdie lewe by te staan. Ek het iemand nodig wat my verstaan, iemand wat my ken, iemand wat my onvoorwaardelik lief het.

Om God te verheerlik is meer as om net te sê God is heilig, en groot en almagtig. Dit is om te leef dat God heilig en groot en almagtig is. As ons egter dieselfde fokus as die res van die wêreld op goed en gebeure van die wêreld het, help dit nie ons bid nie, want ons glo nie wat ons bid nie.

Aan God behoort al die eer en al die mag en al die krag, maar as ons toegee aan versoekings of ons laat die situasies van die lewe ons regeer, dam verheerlik ons nie vir God nie. Want gebed lei tot resultate.

- **Gebed lei tot resultate**

Johannes 11:41-42

Hulle het toe die klip weggerol. Jesus het opgekyk boontoe en gesê: "Vader, Ek dank U dat U My verhoor het. 42 Ek weet dat U My altyd verhoor, maar Ek sê dit ter wille van die mense wat hier rondom staan, sodat hulle kan glo dat U My gestuur het."

Handelinge 12:5-18

So is hy dan in die tronk bewaak, maar die gemeente het aanhoudend vir hom tot God gebid. 6 Die nag voordat Herodes hom voor die volk sou bring, het Petrus tussen twee soldate geslaap. Hy was met twee kettings geboei, en voor die deur het wagte die tronk bewaak. 7 Meteens staan daar 'n engel van die Here en skyn daar 'n lig in die sel. Die engel vat toe aan Petrus se sy om hom wakker te maak en sê vir hom: "Staan gou op." Onmiddellik het die boeie van sy hande afgeval. 8 Toe sê die engel vir hom: "Maak jou gordel vas en trek jou skoene aan." Petrus het dit gedoen, en toe sê die engel vir hom: "Trek jou bokleed aan en kom saam met my." 9 Petrus het agter die engel aan uitgegaan sonder om te besef dat hy werklik bevry word. Vir hom het dit gelyk asof hy 'n gesig sien. 10 Hulle is by die eerste wag verby en ook by die tweede, en toe hulle by die ysterdeur kom wat na die stad toe lei, het dit vanself vir hulle oopgegaan. Toe hulle buite kom en 'n ent met die straat af was, het die engel vir Petrus skielik verlaat. 11 Toe dring dit tot Petrus deur wat met hom gebeur het en hy dink: nou besef ek eers regtig dat die Here sy engel gestuur het om my uit die hande van Herodes te red en van alles wat die Joodse volk van plan was om te doen.

12 Met dié gedagte is hy na die huis van Maria, die moeder van Johannes wat ook Markus genoem is, waar baie gelowiges saam was om te bid. 13 Hy het aan die voordeur geklop, en 'n diensmeise met die naam Rodé het kom hoor wie dit is. 14 Toe sy Petrus se stem herken, was sy so bly dat sy nie die deur oopgemaak het nie, maar binnetoe gehardloop het om te vertel dat Petrus by die deur staan. 15 Maar hulle sê vir haar: "Jy is mal." Toe sy egter daarmee volhou, sê hulle: "Dan is dit sy gees." 16 Intussen het Petrus aangehou klop. Toe hulle die deur oopmaak en hom sien, was hulle baie verbaas. 17 Hy het met sy hand vir hulle gewys om stil te bly en vir hulle vertel hoe die Here hom uit die tronk uitgelei het. "Vertel dit vir Jakobus en die ander gelowiges," het hy gesê en na 'n ander plek toe vertrek. 18 Toe dit dag word, was die soldate nie min ontsteld oor wat van Petrus geword het nie. 19 Herodes het hom laat soek, en omdat hulle hom nie kon kry nie, het hy die wagte verhoor en bevel gegee dat hulle doodgemaak moet word. Hierna het Herodes van Judea af na Sesarea toe gegaan en 'n tyd daar gebly.

Ons dien 'n groot God, Hy is daartoe in staat om 'n nuwe aarde en hemel te skep. Daarom kan Hy wonders in jou lewe laat gebeur.

Daar word vertel van Georg Müller (1805-1898), 'n predikant te Bristol Engeland, wat meer as 75 skole gestig en 5 groot kinderhuise opgerig het, dat hy in sy leeftyd meer as 7 500 000 pond nodig gehad het vir sy werk. Nooit het hy enige fondsinsamelingsprojekte geloods of bedelbriewe uitgestuur nie. As hy geld nodig gehad het, het hy gebed en dan het die geld ingekom, soos wat hy nodig gehad het.

Die meeste gebedsverhoring is nie altyd "spectacular" nie, maar elke gebed is 'n wonderwerk, want dit is die mens wat toegelaat word om op die lewende God te fokus en om deel te word van Sy Goddelike gemeenskap. Daarom dra gebed krag, want dit is nie die gebed wat so kragtig is nie, maar dié God op wie ons fokus in hierdie gebed. Daarom hoor jy baie keer mense sê, jy bid nie gelowig genoeg, of reg genoeg nie, dit is nonsens, daar is nie krag in my gebed nie, maar krag in die God van my gebede.

- **Gebed is die krag van God in werking**

Jakobus 5:16b

Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking.

Wanneer 'n gelowige kind van God hom/haar wend tot die God van die hemel en die aarde, word die krag van God totaal vir hom of haar beskikbaar. Dit maak 'n mens aan die eenkant

ongelooflik opgewonde en aan die ander kant baie nederig, want die krag wat beskikbaar gemaak word deur gebed is God se onuitputlike krag.

Die krag van God is onbeperk. Mense kan met allerhande toerusting foto's van Mars neem en die omvang van die heelal bepaal en met mikroskope kan hulle die kleinste atoom ontleed. Nogtans kan niemand die krag van God bepaal nie. Tog word hierdie krag geaktiveer deur 'n eenvoudige mens in gebed.

- **Gebed is om stil te wees en te luister**

Jesaja 30:15

So het die Here my God, die Heilige van Israel, gesê: As julle julle bekeer en tot rus kom, sal julle gered word. Julle krag lê in stil wees en vertrouê hê. Maar dit wou julle nie;

Psalm 62:2

Net by God vind ek rus, van Hom kom my redding.

Eksodus 14:14

Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg

Baie mense sukkel nogal om stil te wees voor die Here. Ons leef in 'n tyd waarin mense voortdurend aan die gang is. Dit maak nie sin om net stil te wees en niks te doen nie. Om te wag op God is niks anders as 'n stille oorgawe van 'n mens se hele wese aan God nie.

Gebed kan vergelyk word met die verhouding wat 'n man en 'n vrou met mekaar het. Daar is tye wat ek vir my vrou sê: "ek is lief vir jou." Dan is daar tye wat ek haar net in my arms vat en vashou, sonder om 'n woord te sê. Ons het ook intieme tye saam. So werk gebed vir my, daar is tye wat ek God loof en prys en my liefde aan Hom verklaar. Dan is daar tye wat ek en Hy stil en intiem met mekaar verkeer, net ek en Hy, geen steurnis nie. Dan is daar tye nodig dat ek net stil sit in God se teenwoordigheid.

Wanneer ons voel om net stil te wees voor die Here moet ons ons totaal onttrek aan die wêreld, in die binnekamer ingaan of in die natuur gaan sit en net op God fokus. Nie bid nie, nie praat nie, net luister.

Hoe om te stil te wees en te luister?

- **Begin met lofprysing en aanbidding.**

- Maak 'n verbale "commitment" dat jy gaan stil wees.
- Dink aan die Here (nie saggies bid nie), geniet sy teenwoordigheid - fokus jou gedagtes doelbewus op God drie-enig.
- Gee jou gees totaal oor aan die Heilige Gees. Wees bedag op enige gedagtes wat van Sy kant afkom.

Hierdie deel van ons verhouding met God vra groot geduld.

- **Gebed is om deur God verander te word.**

Jeremia 18:1-6

Die woord van die Here het tot Jeremia gekom: 2 Gaan af na die pottebakker se huis toe, Ek sal daar met jou praat. 3 Ek is toe af na die pottebakker se huis toe, en hy was juis besig om iets op die skyf te maak. 4 Maar die ding wat hy aan die maak was uit die klei, het misluk, en hy het toe iets anders gemaak soos hy dit wou hê. 5 Toe kom die woord van die Here tot my: 6 Kan Ek nie met julle doen wat hierdie pottebakker met die klei gedoen het nie, Israel? vra die Here. Soos klei in die pottebakker se hand, so is julle in my hand, Israel.

Romeine 12:2

Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

Hoe meer jy in God se teenwoordigheid is, hoe meer verander Hy jou. Elke as jy in opregte gebed met God verkeer, is die potensiaal daar dat God jou kan en sal verander. Hoe verder jy groei op die gebedsleer, hoe sterker word jy. Dan sal jy later besef gebed draai nie meer om my eie persoonlike behoeftes nie. Ons mag vra, jy hoef nie bang te wees om te vra nie of skuldig voel om te vra nie, maar jy sal gou agterkom dat gebed en praat met God is veel meer.